

**23 November**

**Skrifgedeelte: Psalm 145  
Fokusgedeelte: Psalm 145:1-4**

**Loof God en vertel van Hom**

Ons lewens is dikwels so vol en gejaagd. Sien ons God nog raak en dink ons nog aan Hom in ons gejaagde lewens? Maak vandag tyd om opnuut aan die lewende God te dink. Sien Hom raak in sy grootheid, sy majesteit, sy heerlikheid.

Dink aan Hom wat Koning is en wat oor alle dinge regeer – asook oor jou. In sy grootheid het Hy ook vandag jou lewenspad beskik. Tog sal ons klein mensies nooit die grootheid van God ten volle begryp nie.

Dink aan God wat vol liefde vir elke kind van Hom is. Dink aan God wat jou in groot genade onverdiend sy kind gemaak het. Sien Hom as Vader raak wat jou met groot geduld lei en dra. Dink aan Hom as die een wat jou help as jy hulpeloos voel; wat jou ondersteun as jy bedruk en terneergedruk is; wat jou versorg met dit wat jy nodig het; wat jou beskerm teen gevare en jou gebede verhoor.

As ons God vandag weer só raaksien en beleef, roep Psalm 145 ons op om veral twee dinge vandag te gaan doen: Loof die Here en vertel van Hom. Loof en prys Hom met vreugde en blydschap. Maak sy Naam groot en eer Hom. En praat oor Hom. Vertel vir mense rondom jou van hierdie groot en genadige God – God wat in liefde ons Vader is. Ja waarlik, as jy elke dag saam met God leef sal jy Hom ook elke dag loof en van Hom praat.

*Sing: Psalm 118:7,8*

*Ds L du P van der Vyver (Silverton)*